# Die Werking van Openbaring



William Branham aan die begin van sy bediening



Hierdie bo-natuurlike wolk het op 28 Februarie, 1963, verskyn naby die berg Sunset, noord van Tucson in Arizona, V.S.A., net soos dit aan Eerw. Branham in ‘n visioen op 22 December 1962 gewys was. Kan dié ‘n teken wees van die naderende wederkoms? Alhoewel die foto van vêr af geneem was, is die aangesig van die HERE tog erkenbaar.

In die SCIENCE tydskrif van 19 April, 1963, was hierdie foto op die voorblad gedruk, met ‘n berig deur James E. McDonald van die “Institute of Atmospheric Physics” by die Universiteit van Arizona, in Tucson. Daarin verklaar hy dat daar geen verduideliking vir die verskynsel is nie. In die welbekende LIFE tydskrif van 17 Mei, 1963 was die foto ook met ‘n artikel gepubliseer. Die helder wolk was waargeneem in die andersins wolklose blou lug, op ‘n hoogte waar daar geen vog is om wolkvorming moontlik te maak nie. Dit is gewis ‘n bevestiging van die Almagtige, wie in Sy liefde ook diegene tegemoet kom wie nie glo sonder dat hulle gesien het nie.

# Die werking van

# Openbaring

**‘n Daarlegging deur**
**Ewald Frank**

*“Jesus Christ is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid …” (Hebr. 13:8)*

Hierdie daarlegging is oorspronklik in Duits uitgereik in Augustus, 2005. Navrae daaroor kan gemaak word, in Duits of Engels, by die skrywer en publiseerder hiervan:

MISSIONARY EWALD FRANK
MISSION CENTRE
P.O. BOX 100707
47707 KREFELD
GERMANY

e-Pos: E.Frank@freie-volksmission.de or

volksmission@gmx.de

Webwerf: http://www.freie-volksmission.de

---

©Duplisering en kopiëring mag net met goedkeuring van die skrywer geskied

## Die Werking van Openbaring

Ek beskou dit as 'n voorreg om die kragtige werk van God, aangaande die verlossingsplan, in ons tyd aan Christene oor die hele wêreld te bring. Die behoefte om so 'n brosjure in baie tale te laat druk, spruit uit my sendingwerk op alle kontinente.

In hierdie daarlegging het ons dit ten doel dat net die naam van die HERE verheerlik moet word en dat net God alleen met ons moet praat. Profete en apostels word slegs genoem in verband met hulle bediening, soos in die Ou en Nuwe Testamente beskryf word, om God se werk te beklemtoon. Die geskiedenis van die Gemeente word gekenmerk deur spesiale epogge waarin manne soos Paulus, Irenaeus, Martin, Columba, Luther, Wesley en andere verskyn het, wat elkeen in hul onderskeie tydperke 'n boodskap moes bring van heilgeskiedkundige belang.

Die skrifwoord *"Beproef alle dinge ..."* is ook op hierdie skrywe van toepassing. Niemand moet hieragter skuil om hul eie standpunt te verdedig nie, i.p.v. om die geldige standaard van die algemene getuienis van die Skrif te aanvaar nie. Ons kan nie bybelse gebeure kategories verwerp bloot omdat ons dit nie ken nie. Ons plan is om die werk van God behoorlik tot in ons tyd te wys, om die kinders van God geestelik te help en die naam van die HERE alleen te verhef. "*Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek ...*" (Jes. 1:2)

## Die Voleinding

Aan die begin van hierdie daarlegging plaas ons die Woord uit Genesis 2, vers 2: *"En God het op die sewende dag Sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy gemaak het".* Dit is nie net 'n skeppingsverslag nie, maar gee ons ook 'n profetiese heenwysing op die voltooiing van die Gemeente. Nou, aan die einde van die genadetyd, in die sewende gemeentelike tydperk, is die HERE besig om Sy werk onder Sy volk af te sluit.

In Filippense 1, vers 6, getuig Paulus van die voleinding van God se werk: *"omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus".* Slegs die voltooide Gemeente sal die heerlikheid betree en aan die bruilofsfees deelneem (Openb. 19:9). Dan kom die "Dag van rus", die Vrederyk, die sewende duisend-jaar of "Millennium". 'n Dag by God, is soos 'n duisend jaar by ons (IIPet. 3:8). Onmiddellik daarna het Petrus geskryf: *"Die HERE vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie ..."*.

Ongeveer 6,000 jaar is sedert Adam verby. *"... maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word"* (Matt. 24:22). Ons is nou by 'n keerpunt in die geskiedenis van die mensdom, net voor die sewende duisend-jaar begin. Na die duisend-jaar kom die finale oordeel voor die wit troon en die herskepping van hemel en aarde — tyd vloei dan in die ewigheid in.

Die Heilige Gees sal net aan diesulkes die verloop van bybelse gebeure openbaar, wie geen voorbedagte opinies oor die verloop en voltooiing daarvan het nie. *"Die HERE van die leërskare het gesweer en gesê: Waarlik, soos Ek gedink het, so gebeur dit; en soos Ek besluit het, kom dit tot stand"* (Jes. 14:24). Wat 'n gewisheid is daar in hierdie woorde! Hy doen nie wat mense beplan het nie, maar wat God beplan het. Sy raad strek oor die hele aarde en sy hand is uitgestrek oor alle volke. *"want die HERE van die leërskare het dit besluit — wie sal dit kan verydel? En Sy hand is uitgestrek — wie sal dit kan afkeer?"* (Jes. 14:27). *"... want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen"* (Rom. 9:28).

In hierdie kritieke tyd is dit belangrik om die regte aansluiting met die werk van God te vind. Dit is moontlik om te praat van die tekens van die tye en om die vervulling van die profesieë aan Israel te beklemtoon, sonder om te let op wat God belowe het om in die Gemeente te volbring. *"Kyk, die vorige dinge het gekom, en nuwe dinge verkondig Ek; voordat hulle uitspruit, laat Ek julle dit hoor"* (Jes. 42:9).

Volgens God se plan loop twee dinge parallel in ons tyd: Israel keer terug na die Beloofde Land: *“Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde”* (Jer. 31:10b) en die Gemeente kom terug na die HERE en Sy Woord: *“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige”* (IIKor. 6: 17-18). Net soos nie alle Jode terugkeer na Palestina nie, so ook kom nie alle gelowiges uit die organisasies nie. *“Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard”* (Rom. 11:7). Dieselfde geld vir die nasies: slegs die uitverkore deel volg die oproep van God in hierdie tyd en sal die doel bereik. Die res is hardkoppig en neem nie God se sprekinge ernstig op nie.

Maar die werk van die HERE sal voleinding vind. Jesaja 28, vers 21 sê: *“Want die HERE sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon om Sy werk te doen — vreemd is Sy werk! En om Sy daad te verrig — ongehoord is Sy daad!”.* Die werk van God en Sy daad is iets vreemds vir mense (Hab. 1:5). So naby aan die Wederkoms van Jesus Christus het ons nie die goed-bedoelde interpretasies van die Skrif nodig nie, maar wel die duidelike manier waarop die HERE praat aangaande God se onfeilbare Woord.

*“Want die HERE sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim ...”* is die profesie van die profeet Jesaja. Wat het op Perazim-berg gebeur? Daar het God 'n geweldige deurbraak gegee, die vyande verslaan en Sy volk die oorwinning gegee. Dawid het uitgeroep: *“Die HERE het voor my heen deur my vyande gebreek soos water deurbreek; daarom het hy dié plek Baäl-Pérasim* (die plek van die deurbraak) *genoem”* (IISam. 5:20). *“Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon om Sy werk te doen”. “Toe het Josua met die HERE gespreek ... en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil in Gíbeon, en maan, in die dal van Ájalon!”* (Jos. 10:12). Die twee gebeure waarna die profeet Jesaja verwys, gee ons 'n idee van die geweldige manier waarop die HERE *Sy*

*“vreemde werk” en Sy “ongehoorde daad”* sal voltooi. Hy sal aan die einde van die tyd 'n geweldige deurbraak gee en elke struikelblok verwyder en elke vyand oorwin, en hulle Sy voetbank maak (Ps. 110: 1-3) en so Sy werk tot voleinding bring.

**Die Woord of die interpretasie?**

*“As julle in My Woord bly, is julle waarlik My dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak”* (Joh. 8: 31-32). Dit stel die bybelse standaard vir die ware dissipels van Jesus. God doen alle dinge volgens Sy Woord. Of dit nou in die natuur of in die heelal is, in gebeure met Israel of in Sy Gemeente, verloop alles volgens die orde wat in die Woord van God vasgestel is. *“Die wat uit God is, luister na die woorde van God”* (Joh. 8:47)

Dit is baie belangrik om God se handeling met Sy mense sedert die begin van tyd te erken. Sy gemeenskap met hulle en Sy seëninge was gebaseer op die beloftes in Sy Woord. Solank mense die Woord van God bewaar het, was hulle beskerm, veilig en in gemeenskap met Hom. As iemand wegdraai van 'n bybelse waarheid, lering of belofte en die getuienis van die Heilige Skrif deur sy eie uitleggings en interpretasies weerspreek, dan skei hy homself van God. *“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die man van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”* (IITim. 3: 16-17). Die oorsaak van die sondeval en die oorsprong daarvan lê in die verkeerde interpretasie van die Woord van God. Die mens is van God geskei omdat hulle na die interpretasie geluister het, in plaas van om aan die Woord van God vas te hou.

Maar dadelik het die HERE God die komende Verlosser in die vooruitsig gestel: die Saad van die vrou, die Offerlam, sou kom om die slang, wat die Woord van God verkeerdelik vertolk het, se kop te vermorsel (Gén. 3:15).

Die eerste eie-matige interpretasie van die skrif het in die Tuin van Eden plaasgevind. Diegene wat die SO SPREEK DIE HERE

van die Woord van God miskyk, word verblind en val altyd daardeur op die interpretasie van die slang. Sulke mense bou nie op die onfeilbare Woord van God nie, maar op hul eie fondasie. *“terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie”* (IIPet. 1:20). Satan, die ou slang, het die Heilige Woord eers verkeerd aan Eva geïnterpreteer en deur die eeue voortgegaan om te doen. Opregte en eerlike mense het sy interpretasies van die Skrif geglo, in plaas daarvan om te hou by God se oorspronklike Woord, soos die heilige mond van die HERE gespreek het. Jesus het aan die geestelikes van sy tyd gesê: *“Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou … So maak julle dan die Woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het”* (Mark. 7: 9+13).

Honderde denominasies klou vas aan tradisies en laat God se Woord kragteloos. Hulle neem weg uit die Bybel en voeg dan hul eie verduidelikings by. Dit is nie genoeg om die Woord van God slegs letterlik en intellektueel te ken nie; geestelike openbaring word vereis. Aan diegene wat die Skrifte letterlik goed geken het, het Jesus gesê: *“Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie”* (Matt. 22:29). Is Sy Woord nie ook van toepassing op ons tyd nie? Dit is nie genoeg om slegs van die Wederkoms van Jesus Christus te praat nie — die beloftes vir hierdie tyd moet beklemtoon word. Die Gemeente moet haar voorbereiding en voltooiing ervaar. Ons het nie nuwe bybelvertalings of nuwe interpretasies van die Skrif nodig nie. Nou het ons die openbaring van die Gees nodig, sodat ons kan deelneem aan die voltooiing van God se werk.

Sedert die begin van die Nuwe Testament is nie net die profetiese geskrifte nie, maar ook dié van die apostels arbitrêr geïnterpreteer. Met verwysing na Paulus se briewe, het Petrus toe al geskrywe: *“… waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf”* (IIPet. 3:16).

Met die eerste koms van die HERE, was die gelowiges waarlik van die menslike interpretasies verwyder en het dus die vervulling van profesieë in hul tyd gesien. Dieselfde gebeur nou voor die Wederkoms van Christus.

Johannes was 'n man wat deur God gestuur is, met die God se boodskap vir daardie tyd: *"...Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo"* (Joh. 1:7). Nie deur 'n groep nie, maar deur die profete wat deur God gestuur word, moet almal tot geloof kom. God het nie Sy verborgenhede aan die skrifgeleerdes geopenbaar nie, maar aan Sy dienskneg wat die weg vir Hom moes voorberei. Dit word herhaal voor die Wederkoms van Christus. As die profetiese boodskap van die Woord iets bevat wat moeilik is om te verstaan, wil ons dit nie self interpreteer nie, maar die Woord van God met ons laat praat.

Die ware gelowiges interpreteer nie die Skrif nie en luister ook nie na uitleggings nie, omdat hulle weet dat God Sy eie uitlegger is. Die Woord word daarop vervul: *"Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan"* (Luk. 24:45). Elke Woord van God is die absolute waarheid, geïnspireer deur die Heilige Gees en lewe-bringend. Elke private interpretasie van die Woord is 'n leuen, skei ons van God en lei tot geestelike dood. *"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat deur die mond van God uitgaan"* (Matt. 4:4).

## Die Stem van God vandag

*"In dieselfde uur het Jesus Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, HERE van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het ..."* (Luk. 10:21). God het telkens Sy Woord vars vanaf die troon geopenbaar en die oë van Sy volk geopen, sodat hulle Sy werk kon herken. Diegene aan wie die Woord deur die Heilige Gees geopenbaar word, kan jubel en juig en die eer bring aan die God van hemel en aarde. *"... vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die*

*hemele is"* (Matt. 16:17). Alle ware gelowiges was onder die invloed van openbaring.

Ons vind hierdie feit reeds in Abel, wie se geloof geanker was in die belofte. Hy het geweet dat versoening met God slegs deur die bloed van die Lam gedoen kan word en nie deur die vrugte van die veld nie. Deur geloof het hy 'n welvallige offer aan God gebring.

In Hebreërs 4, vers 7, lees ons: *"... Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie ...".* Daar was 'n '*vandag*' in al die tydperke van die Ou en Nuwe Testamente. Daar was 'n '*Vandag*' in die dae van Noag, Abraham, Moses, ens. Jesus Christus beklemtoon die '*Vandag*' van Sy tyd met die woorde: *"Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul"* (Luk. 4:21).

Oor die algemeen wil almal tred hou met die tye. Maar wat van geestelike vooruitgang? Te veel Christene leef in die verlede. Hulle verwys na die Hervorming en ander herlewingsbewegings uit die verlede asof God niks "vandag" gedoen het nie. Hulle het geen verband gevind met die volgende en verdere werk van God nie. Jesus het gesê: *"Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra"* (Matt. 21:43). Dit is nie genoeg dat ons die tekens van die tyd sien nie, maar ons moet ook die Woord wat God op hierdie tydstip geopenbaar het, erken. Ons moet die regte verbinding met die werk van God kry deur ook onse *'vandag'* te sien. As ons nie onsself ondersoek nie, berou toon en die lering van die Woord van God aanneem nie, dan sal Hy die kandelaar (die simbool vir die Gemeente) verwyder (Openb. 2:5). Dit was altyd 'n minderheid onder die gelowiges, wat wakker geword het deur herlewing. Die ander het denominasies gestig omdat hulle nie hul *'vandag'* van goddelike besoek erken het nie. Dit is algemeen bekend dat die Heilige Gees aan die begin van die eeu op 'n aantal gelowiges geval het. Diegene wat nie deur die werk van die Gees aangegryp is nie omdat hulle hul harte verhard het, het die gawes van die Gees met die skyn-effekte, wat nie van God was nie, voorgehou. Nadat die vuur van hierdie herlewing uitgebus

was, het menslik-gesinde predikante weer organisasies gestig. Hulle het in dieselfde lokval beland waarvandaan hulle uitgekom het. Hulle was dus vanaf die uitstorting van die goddelike lewe afgesny en het die beloftes vir die voltooiing van God se werk teëgestaan. *“My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My”* (Joh. 10:27).

### Die bediening van 'n profeet

Die HERE het te alle tye Sy profete gestuur om die mense terug te bring na die oorspronklike Woord, sodat hulle nie deur hul eie interpretasies in geestelike dood gewerp sou word nie. *“En die HERE, die God van hulle vaders, het vroeg en laat na hulle gestuur deur die diens van sy boodskappers; want Hy het medelyde met sy volk en met sy woning gehad ...”* (IIKron. 36:15). Jesus Christus het gesê: *“Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe”* (Joh. 6:63).

God gebruik die profetiese bediening sodat Sy volk die beloftes vir hulle 'vandag' kan erken. Dit het gebeur in die tyd van Abraham, Moses, Johannes die Doper en baie ander profete wat in hul tyd 'n spesiale sending gehad het. God self is gebonde aan die Woord van belofte. *“Want die HERE God doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie*” (Amos 3:7). Ware profete het toegang tot God en insig in geestelike dinge wat ander nie kan doen nie. *“Hoor tog my woorde. As (daar ‘n) profeet van die HERE (onder julle) is, sal Ek deur 'n gesig My aan hom bekend maak, deur 'n droom sal Ek met hom spreek”* (Núm. 12:6). In al die verskillende tydperke het die Woord van die HERE tot die profete gekom.

Voor die sondvloed het God Sy Woord aan Sy profeet geopenbaar: *“Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE ... En God sê vir Noag: ... Só moet jy dit bou: ...”* (Gen. 6). Die optrede van Noag het vir mense vreemd gelyk. Hy was verkeerd verstaan, uitgelag en bespot, maar hy het opgetree op grond van die gesag van die Woord wat God aan hom geopenbaar het. Destyds het

Seth se geseënde nageslag met dié van Kain gemeng. God het toe op die einde van alle vlees besluit. Hy was spyt dat hy mense geskape het. Die grootste geestelike vermenging van alle tye vind nou in die Wêreldraad van Kerke plaas, maar God het ook 'n profeet na hierdie geslag gestuur om die volk van God uit te roep: *"Gaan uit haar uit, my volk ..."* (Openb. 18:4).

Daar word van Noag gesê: *"En Noag het (alles) gedoen, net soos God hom beveel het ...".* Voordat die oorstroming op die aarde uitgebreek het, het die HERE 'n profeet gehad met 'n direkte opdrag en 'n boodskap. Onse HERE Jesus Christus het gesê: *"En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens"* (Luk. 17:26). Baie gelowiges vergelyk die boosheid van daardie tyd met ons s'n, maar sonder om die geheelbeeld te sien. Dit is nie genoeg dat ons uitsluitlik op die vermenging hierin fokus nie – dit gaan nou om die beklemtoning van die belofte aan die gelowiges.

Die mense van daardie tyd het miskien gedink: 'Noag kan nie die enigste wees aan wie die Woord en wil van God geopenbaar word nie'. Miskien dink baie nou ook so, maar die HERE God openbaar altyd Sy voorneme aan Sy diensknegte, die profete.

Abraham was die profeet van God in die tyd toe Sodom en Gomorra vernietig is. Baie noem hom die 'Vader van die Geloof', maar is onbedag daarop, dat sy geloof geanker was in die beloofde Woord van die HERE. In sy biografie sê dit: *"Hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof ..."* (Rom. 4:20). Bybelse geloof kan slegs bestaan waar die beloftewoord ontvang word. Daar is geen struikeling deur ongeloof nie, geen vrae oor hoe dit sal geskied nie; diesulkes is daarvan oortuig dat God in staat is om Sy werk te doen, *"... en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het"* (Rom. 4:21).

Jesus Christus, onse HERE het gesê: *"Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot ..."* (Luk. 17). Hier kan ons weer die parallel vir ons tyd sien. Mense praat van die sonde van Sodom en Gomorra, maar hulle besef nie wat destyds onder die gelowiges

gebeur het nie. Die uitverkorenes van daardie tyd was nie in Sodom nie en het geen aandeel aan hul sondes gehad nie. Abraham het die laaste, bonatuurlike teken ontvang, voor die vernietiging. Volgens Génesis 18: 9-15, het die HERE die belofte wat Hy aan Abraham gegee het, bevestig. Sarah was in die tent en het na die gesprek geluister. Sy lag toe binne haarself. Die HERE het toe die gedagtes van haar hart aan Abraham geopenbaar en gevra: *"Waarom het Sara daar gelag ...?".* Hy het hom vertel wat sy in haar hart gedink het (vers 13). Dit gaan oor die belangrikste gebeure van daardie tyd. Slegs as ons verstaan wat daar gebeur het, sal ons verstaan wat nou gebeur.

Op dieselfde manier as wat die HERE Homself destyds aan Abraham geopenbaar het, het hy Homself aan die nageslag van Abraham bekend gemaak toe Hy op die aarde gewandel het: Toe Andrew sy broer na Jesus bring, het hy gesê: *"Jy is Simon, die seun van Jona ..."* (Joh. 1:42). In dieselfde hoofstuk lees ons hoe Filippus vir Natanael na Christus gebring het, van wie die HERE gesê het: *"Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie*". Natanael het toe verbaas uitroep: *"Waarvandaan ken U my?",* waarop die Meester antwoord: *"Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien".* Toe roep hy uit: *"Rabbi, u is die Seun van God. U is die Koning in Israel!".* Die HERE Jesus het die lewe van die Samaritaanse vrou by die put van Jakob aan haar geopenbaar. Toe sê sy vir Hom: *"HERE, ek sien dat U 'n profeet is ... Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig"*. Jesus antwoord: *"Dit is Ek wat met jou spreek"* (Joh. 4: 19-26).

Die ware saad van God het nie die bonatuurlike bediening van die HERE beledig nie. Hulle het Hom nie as 'n fortuinverteller of Beëlsebul beskryf nie, maar hulle het die HERE erken in Sy profetiese bediening. Die effek van so 'n bediening was onmiddellik duidelik. Diegene wie deur God geseën word, het dit erken as afkomstig van God. Die ander, daarenteen, noem dit die duiwel. Dieselfde profetiese bediening met die gawe van onderskeiding is in ons tyd herhaal in die lewe en werk van die geseënde man van God, William Branham, soos bevestig deur honderde preke wat

op band opgeneem is. *“Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige twee-snydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart”* (Heb. 4:12). Nie net ons dade nie, maar ook ons gedagtes is aan God bekend, want daar staan geskrywe: *“En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het”* (Heb. 4:13).

In die tyd van Moses het die HERE Sy belofte onthou wat Hy aan Abraham gemaak het (Gen. 15:13). Na vierhonderd jaar moes die volk Israel met 'n magtige hand uitgelei word. Moses, die profeet van God, is opdrag gegee om die bevryding deur te voer. Nie net het hy die geweldige ervaring gehad van sy roeping, waarin die HERE God met hom uit die vuur gepraat het nie, maar hy het voortdurend opdragte vanuit die vuurkolom ontvang. Sy optrede was doelgerig. Hy het die ‘SO SPREEK DIE HERE’ vir sy tyd gehad. Wat 'n seën vir almal wat kan verstaan wat God in IIKronieke 20, vers 20 gesê het: *“Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees”.*

Solank die volk Israel ag geslaan het op die Woord van God, het God hulle geseën en op alle maniere voorsien: *“die wolkkolom het nie bedags van hulle gewyk om hulle op die pad te lei nie, en die vuurkolom ook nie snags om vir hulle die pad te verlig waar hulle langs moes trek nie. En u goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig, en u manna het U nie van hulle mond teruggehou nie en aan hulle water gegee vir hulle dors. En veertig jaar lank het U hulle onderhou in die woestyn; hulle het nie gebrek gehad nie; hulle klere het nie verslyt en hulle voete nie geswel nie”* (Neh. 9: 19-21).

Maar Bíleam het tussenbeide gekom en hulle verlei om afgodsoffers te eet en ontug met die ander volke te pleeg (Openb. 2:14). Die oordeel van God was onvermydelik: *“... daar het op een dag drie-en-twintigduisend geval”* (IKor. 10: 7-13). In IITimothéüs 3: 1-9, skryf Paulus, gelei deur die Gees, soos dit onlangs sal wees. Vers 8 sê: *“En net soos Jannes en Jambres Moses teëgestaan het, so staan ook hierdie mense die waarheid teë, mense verdorwe in die*

*verstand, onbetroubaar ten opsigte van die geloof".* Die Skrif kan nie gebreek word nie, en tog verskyn daar manne in hierdie tyd wat in opposisie staan teenoor wat deur die profetiese bediening geopenbaar is. Niemand hoef bekommerd te wees oor sulke ongewenste ontwikkeling nie, want daar is ook geskryf: *"Maar hulle sal nie verder voortgaan nie, want hulle dwaasheid sal vir almal duidelik wees, soos ook dié van daardie manne geword het".*

Elke ware dienskneg van God sal hou by die Woord wat deur God geopenbaar is. Al verskyn daar 'n Bileam, Jannes of Jambres, lei God Sy werk doelbewus tot voltooiing. In die tyd van Josua het die volk Israel die beloofde land bereik en die HERE het Sy Woord vervul: *"Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het"* (Jos. 1:3).

Ag, dat ons kan begryp en verstaan dat God Sy knegte en profete te alle tye gestuur het om die belofte aan Sy volk op die regte tyd te bring! Alle hoop en pogings is tevergeefs as dit nie vir hierdie tyd in die beloofde Woord van God geanker is nie. *"En verder, as iemand aan 'n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie"* (IITim. 2:5). Die massas van die Christendom word verkeerdelik gelei en blootgestel aan valse hoop wat tot onuitspreeklike teleurstellings lei. Hulle stap verby die *'Vandag'*, verby die Woord wat God vir hierdie tyd belowe het. *"Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal"* (IKor. 9:24).

Ons ken almal die magtige bediening van die profeet Elia, maar het ons verstaan dat hy onder 'n direkte opdrag van God was? Hy het nie gedoen wat hy wou nie, maar wat God hom beveel het om te doen. Hy het die altaar van die HERE herbou met die twaalf klippe wat die twaalf stamme van Israel voorgestel het. *"En op die tyd dat hulle die spysoffer bring, het die profeet Elía nader gekom en gesê: HERE, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek U kneg, en dat ek al hierdie dinge op U Woord gedoen hetl"* (IKon. 18:36).

Dit is nou tyd dat die bybelse waarhede weer op die kandelaar geplaas word. Die leer van die apostels en profete skyn in die lig van goddelike openbaring. *“En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is — geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word”* (Sag. 14:7). Die goddelike lig het deur alle wolke van duisternis gebreek vóór die middernag toesak. Dit kan eintlik gesê word: *“Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie”* (Joh. 1:5). *“Ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn”* (IIPet. 1:19). Die openbaring en betekenis van die profetiese Woord kan nie genoeg beklemtoon word nie. In alle eeue het die uitverkorenes hul *'vandag'* erken en geluister na God se diensknegte wat die HERE na hulle gestuur het. Ons kan saam met Salomo uitroep: *“Geloofd Sy die HERE wat aan Sy volk Israel rus gegee het net soos Hy gespreek het: geen enkele Woord het onvervuld gebly van al die goeie Woorde wat Hy deur die diens van Sy kneg Moses gespreek het nie”* (IKon. 8:56).

Al die profete het vreesloos met die HERE gestaan. Niemand, hetsy koning, priester of watter omstandighede ookal, kon hulle beïnvloed nie. Dit is bevestig in die antwoord wat Miga aan die boodskapper gegee het, wie hom geroep het en hom wou beïnvloed deur te sê: *“Kyk, die woorde van die profete is uit een mond goed vir die koning: laat jou woord nou tog wees soos die van een van hulle, en spreek goeie dinge. Maar Miga sê: So waar as die HERE leef, wat God my sal sê, dit sal ek spreek!”* (IIKron. 18: 12-13).

Die vier honderd was nie profete van God nie, maar profete van Israel. Hulle het nie gehou by die Woord wat die HERE deur die profeet Elia gespreek het nie. Daarom het hulle slagoffers geword van die leuenagtige gees wat die interpretasie aan hulle gegee het. *“... En nou, kyk, die HERE het 'n leuengees in die mond van hierdie profete van u gegee ...”* (IIKron. 18: 19-22). Hulle word nie “My profete” genoem met verwysing na die vierhonderd nie, maar “u profete”. Die ware profete van God kan nie vertower en verlei word deur 'n leuenagtige gees nie, want hulle is heeltemal onder leiding van die Heilige Gees — die Gees van die waarheid.

Die Gees van die waarheid is die hele waarheid van God se Woord. Hy verkondig en openbaar die toekomstige (Joh. 16:13). In hierdie konteks dink ons ook aan die ernstige waarskuwing van IIThessalonicense 2: *"... omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo"* (verse 10$^{b}$-11). Diegene wat nie die waarheid van God se Woord glo nie, sal die leuen glo en blootgestel word aan die sterk misleiding wat op self-interpretasie van God se Woord volg. *"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê"* (Openb. 2:7).

## Die belofte vir ons tyd

*"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons"* (IIKor. 1:20). Na die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag in Jerusalem, was die apostel Petrus op 'n spesiale manier as spreker deur God gebruik. Nog steeds onder die invloed van openbaring, gewapen met die krag van die Heilige Gees, lewer hy sy eerste preek. Toe die toestromende skare mense vra: *"Wat kan dit tog wees?",* het Petrus uit die Woord van God geantwoord: *"Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie ... Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is ..."* (Hand. 2: 15-16).

Die apostel Petrus het herhaaldelik verwysings na die profesieë gemaak. Geïnspireer deur die Heilige Gees het hy ons laat weet wat sou gebeur voor die Wederkoms van Jesus Christus. *"Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete"* (Hand. 3:21).

Vanweë die outoriteit van hierdie profesie, kan gesê word dat alle dinge herstel en in plek moet kom voordat Jesus Christus weer kom. Die oorspronklike leringe en handelinge van die vroeë Gemeente moet terugkeer in die Gemeente van vandag. Die HERE Jesus self het ook duidelik oor die restitusie gepraat en deur wie dit sou gebeur: *"Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel"* (Matt. 17:11).

Jesus het die belofte van restitusie gegee in verband met die bediening van die profeet, wat alles reg tot die regte stand sal bring. Die uitspraak van die HERE was in die toekomstige tyd, want Johannes het alreeds sy bediening voltooi en het die heerlikheid betree. Niemand kan dit ontken dat hierdie belofte ooreenstem met Maleági 4, verse 5-6 nie. Dit is die belofte vir ons tyd. Voordat die HERE Jesus weer kom, moet alles in orde gebring word en tot die regte toestand herstel word. Deur die profeet Joël sê God: *"En Ek sal julle vergoed die jare …"* (Joël 2:25).

## Die Nuwe-Testamentiese era

Baie vernalatig om die Ou Testament te lees en besef dus nie dat al die profesieë in die Nuwe Testament vervul word nie. 109 profesieë wat met Christus verband hou, is letterlik vervul toe Hy die eerste keer gekom het. Elke leer van die Nuwe Testament is gebaseer op die SO SPREEK DIE HERE van die profetiese Woord. Dit is onbegryplik hoedat die bybel-onderriggewers en godsdienstige leiers van daardie tyd nie die vervulling van die Skrif erken het nie. Hulle het hul eie interpretasies geglo en gepreek en gewag dat God dit dienooreenkomstig sou vervul.

Ons vra ons af: "Herhaal die geskiedenis homself in ons tyd?". Die Wederkoms van Jesus Christus word verkondig en wonderlike dienste word gehou, en tog word die Woord wat God vir hierdie tyd geopenbaar het, geïgnoreer.

Herhaaldelik verwys die apostels — die skrywers van die Nuwe Testament — na die Woord van die profete. In die Nuwe Testament vind ons 845 aanhalings uit die ou Testament. Ons kan nie die Ou en Nuwe Testamente skei nie. Gedurende die ou tydsbestek is God se plan van verlossing met die mensdom vooruitgespreek, wat nou vervul word in die Nuwe Verbond: *"... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is"* (Efé. 2:20).

Aan die begin van die Nuwe Testament het God, volgens die belofte van Sy Woord, Johannes die Doper gestuur, die voorloper van Christus se eerste koms. Die predikers van daardie tyd het sy

bediening verkeerd verstaan, hom beledig en teëgestaan. Maar almal wat hulself kon verloën en hul vorige lering kon vergeet, het die boodskap wat deur God gestuur is, aanvaar. Hulle het daarvan gehou om na hom te luister en geen aanstoot geneem teen die aard van sy bediening nie. Johannes het gesê: *“Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom. So is dan hierdie blydskap van my volkome”* (Joh. 3:29).

Het ons verstaan dat ons nou weer leef in 'n profetiese tyd waarin die profesieë van die Skrif voor ons oë waar word? Het ons die '*vandag*' van ons goddelike besoek erken?

Die bediening van Johannes die Doper was die vervulling van Jesaja 40, verse 3-5 en Maleági 3, vers 1, soos ons in die Markus-evangelie kan lees: *"Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God (was) soos geskrywe is in die Profete: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u pad voor U uit sal regmaak* (Mal. 3:1) *... die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die HERE, maak Sy paaie reguit!* (Jes. 40:3)”.

Die Engel van die HERE het met Sagaria oor die bediening van Johannes die Doper gepraat: *“... En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders ...”* (Luk. 1:17). Die engel het geweet watter deel van die Skrif deur die bediening van Johannes vervul moes word. Hy het nie van Johannes gesê dat hy Elia is wat sou kom voor die groot en vreeslike dag van die HERE nie. Hy het die belofte van Maleági 4, vers 6 genoem, wat toe vervul is: *“En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders ...”*. Omdat 'n deel van die belofte van Elia wat voor die groot en vreeslike dag van die HERE sou kom, deur die bediening van Johannes vervul is, noem Jesus hom óók Elia. *“En as julle dit wil aanneem: hy is Elía wat sou kom”* (Matt. 11:14). *“... maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou”* (Matt. 17:12).

Die res van vers 6 was destyds onvervuld omdat dit tot die tyd van Christus se Wederkoms behoort. Die vervulling van die eerste gedeelte was aan die begin van die dag van genade en verlossing. Byna tweeduisend jaar het verloop en die 'Dag van die HERE' was nog nie. Van die "Dag van die HERE" lees ons bv: *“Huil julle, want die dag van die HERE is naby; Hy kom as 'n verwoesting van die Almagtige. Daarom word al die hande slap, en elke mensehart versmelt … Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg”* (Jes. 13: 6-9). In Joël 2, vers 31, spreek die profeet as volg: *“Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom”*.

Die oorblywende gedeelte van Maleági 4, verse 5-6, vir hierdie tyd, lui: *“Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie”.* In Lukas 1:17 vind ons 'n verborgenheid soos in Lukas 4:19. Die engel het slegs geneem wat toe vervul was, en die HERE Jesus het net gelees wat daarmee verband hou. Hy het nie oor die “dag van wraak” gelees nie, want dit verwys nie na die tyd van genade nie, maar na die tyd van oordeel, na die groot en vreeslike dag van die HERE.

In Matthéüs 11, vers 10, identifiseer Jesus nie vir Johannes die Doper met Maleági 4:5 nie, maar met Maleági 3, vers 1: Want dit is die een waarna die Skrif verwys: *“Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan”*. Toe Johannes op die hoogtepunt van sy bediening was, het hulle hom gevra: *“Is u Elía? En hy sê: Ek is nie. Is u die profeet? En hy antwoord: Nee”* (Joh. 1:21). Wie dit kan snap, gryp dit aan. Die getuienisse van die HERE Jesus, die engel, Johannes die Doper en die evangelis Markus, is so duidelik en harmonieus, dat dit nie weerlê kan word nie.

## Die goue kandelaar

Die laaste boek van die Bybel is van groot belang vir die geskiedenis van die Gemeente. Dit bevat baie profetiese aanduidings en gee ons 'n diep insig in die voltooiing van God se werk. Dit begin met die woorde: *"Die openbaring van Jesus Christus wat God hom (Johannes) gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur"*. Hier word ons in die allerheiligste van God geplaas en vertroud gemaak met die volle openbaring van Jesus Christus. Johannes getuig: *"En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag"*. O, wat 'n oorweldigende ervaring moes dit tog gewees het dat Johannes sy geliefde HERE so gesien het! Dit gee ons groot vreugde om te dink dat ons Jesus binnekort op dieselfde manier sal sien. Hy val toe soos 'n dooie aan Sy voete: *"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid ..."*. Voor dit Johannes het berig: *"... en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens "*.

Johannes het geleer van die geheim van die sewe goue kandelaars en die sewe sterre: *"Die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars is die sewe gemeentes"* (v20). Die sewe briewe is aan die sewe gemeentes in Asië gestuur omdat hulle die wese van die gemeentes in die sewe komende gemeentelike tydperke sou hê. Hulle het dus 'n profetiese, heilsgeskiedkundige betekenis gehad en kan duidelik geïdentifiseer word in die sewe geskiedkundige gemeentelike tydperke.

Johannes het die sewe engele in die regterhand van die HERE gesien, nie in die hand van die Gemeente of 'n man nie. Die HERE self het die sewe sterre gekies wat Hy as die sewe engele vir die sewe gemeentelike tydperke aangewys het. Van al die manne wat in die eerste Christelike era deur God gebruik was, was Johannes bevoorreg om insig te verkry oor die verlossingsverloop.

Hy het ook die oordeel voor die wit troon en die nuwe hemel en aarde gesien — die invloeiing van tyd met die ewigheid.

Die verwysing: *"... om aan Sy diensknegte te toon ...",* is in die meervoud en verwys na die boodskappers van God aan wie die openbaring van die Woord gegee was vir elke tydperk.

Paulus was die eerste boodskapper vir die Gemeente uit die nasies, en hy kon sê: *"... ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie"* (Hand. 20:27), en daarom het God Sy boodskappers gehad tot die huidige gemeentelike tydperk van Laodicea, met die finale openbaring van God. Sedert die dae van die Hervorming het God nooit opgehou om Sy Gemeente doelbewus terug te bring na die vroeë Christendom nie. Nou moet sy bevry word van die res van Rome se ou suurdeeg om perfek geplaas te word in die aangesig van Sy heerlikheid. Miljoene mense sal God ewig dank dat Hy Sy diensknegte en profete gestuur het om Sy volk uit alle verwarring te bring. Die profetiese bediening aan die eindtyd was nodig om die diepe verborgenhede en samehang van die hele verlossingsplan te openbaar. Daar staan geskrywe: *"... in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete"* (Openb. 10:7).

In elke boodskap wat aan die sewe gemeentes gerig word, is die belofte aan diegene wat oorwin: *"Wie 'n oor het ...".* Die uitverkorenes in elke tydperk is diegene wat die beloofde Woord, hulle '*vandag*' erken en opgeneem het en geluister het na wat die Gees vir die Gemeente gesê het. Daar word van hulle geskryf: *"En hulle het hom* (die duiwel) *oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis ..."* (Openb. 12:11). God se Woord is die getuienis van die oorwinnaars. Hulle het genade en vergifnis ontvang deur die gestorte bloed van die Lam en is verseël met die Heilige Gees (Efé. 1:13). *"... wat die getuienis van Jesus het ... want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie"* (Openb. 19:10). Dit gaan nie oor die gawe van die profesie nie, maar oor die gees van die profesie, oor die getuienis van Jesus.

*“Wie Sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is”* (Joh. 3:33). Die profete en apostels beskryf die HERE as die Skepper, Verlosser, Lam van God, Seun van God, Middelaar, Koning, ens. Hy stel Homself aan ons voor in Openbaring 1, vers 8, met die magtige woorde: *“Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige”*. Die getuienis van Jesus stem volledig ooreen met die profetiese Woord.

## Die verseëlde Boek

Ons vind 'n parallel in die Ou Testament aan die openbaring van Johannes. Die profeet Esegiël het 'n geheimenisvolle boek gesien. *“Toe kyk ek, en daar was 'n hand na my toe uitgesteek, en daarin 'n boekrol! En Hy het dit voor my uitgesprei; en dit was beskrywe op die voor- en agterkant”* (Esé. 2: 9-10). Johannes getuig in Openbaring 5, vers 1: *“En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël”.*

Die profeet Daniël het die opdrag gekry: *“En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe”* (Dan. 12:4). Die tekens van die tye getuig vir ons dat ons nou in die eindtyd leef, en die boek kon dus nie meer verseël bly met die verborgenhede van God nie. Die magtige stem van die engel het gesê: *“Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?”.* Johannes het bitterlik geween toe niemand waardig gevind is nie. Maar een van die ouderlinge antwoord toe: *“Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek”* (Openb. 5).

Op grond van die bonatuurlike gebeure in die bediening van Broeder Branham, is dit heel duidelik dat hy as die boodskapper van die sewende gemeentelike tydperk gebruik was, om die opening van die seëls te ontvang en aan die mense deur te gee. Broeder Branham het op 22 Desember, 1962, in 'n visioen gesien wat later sou gebeur in verband met die opening van die seëls.

Die visioen was op 28 Februarie, 1963, in die gebergtes van Arizona bevestig. Daar het net voor sonsonder 'n magtige wolk verskyn, waarin 'n konstellasie van sewe engele in die vorm van 'n piramide in die blou lug was. Daardie wolk het op die berg afgekom waar Broeder Branham was. Hy het die sewe engele wat hy duidelik gesien het, beskryf. Hy was letterlik gehul in hierdie wolk en 'n kragtige stem gehoor: "Keer ooswaarts na Jeffersonville, want die tyd het aangebreek om die sewe seëls oop te maak". Hy getuig hoedat hy dae lank onder die indruk van dié geweldige ervaring was.

Na hierdie bevel keer hy terug na Jeffersonville, waar hy die seëls vir sewe agtereenvolgende dae gepreek het. Die HERE het elke dag ‘n seël aan hom geopenbaar deur goddelike openbaring, waaroor hy dan in die aand gepraat het.

Niemand moet God se openbaring ignoreer voordat hy dié woorde noukeurig oorweeg het nie: *“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis”* (Spr. 1:7). God noem in ons '*vandag*' dieselfde woorde as met Job: *“Staan stil en gee ag op die wonders van God”* (Job 37:14). Job het nie altyd verstaan hoe God optree nie, maar die HERE het aan hom gesê: *“Wie maak die verlossingsplan* daar tot duisternis met woorde sonder kennis?”* (Job 38:2).

In ons eie woorde en opinies verduister ons God se verlossingsplan, maar Sy openbaring bring lig en duidelikheid aan Sy heerskappy. Nadat die HERE God op so 'n duidelike manier met Job gepraat het, het hy uitgeroep: *“Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond. Een maal het ek gespreek, maar sal nie meer antwoord nie; ja, twee maal, maar ek sal nie voortgaan nie”* (Job 39: 37-38). Job het genade voor God gevind. Hy het sy hand op sy mond gelê en gesien dat sy toespraak nie duidelikheid gebring het nie. In hoofstuk 42, vers 3, het hy tot die gevolgtrekking gekom: *“So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie”* (Job). Hieruit moet ons leer om niks te oordeel nie. Mag ons genade voor God vind sodat Hy met ons kan praat deur Sy geopenbaarde woord.

Die vrees vir God moet in ons harte wees, sodat ons nie sondig teen Sy werk nie. Ons het die grootste voorreg van alle tye in hierdie geslag, om deel te wees van die finale werk van God.

Die HERE het die profeet in die Ou Testament beveel: *"Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees. Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie"* (Hab. 2: 2-3). Ons kan getuig dat die openbaring nie versuim het om te realiseer nie. Alle beloftes is ja en amen! God hou wat Hy belowe.

Laat ons nie vergeet dat geestelike dinge geestelik beoordeel moet word nie: *"Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge (regverdiglik); self egter word hy deur niemand (regverdig) beoordeel nie"* (IKor. 2:15). Wil ons almal aangegryp word deur hierdie geweldige openbaring van God in ons tyd, sodat wat geskrywe is, nie homself herhaal nie: *"En die HERE, die God van hulle vaders, het vroeg en laat na hulle gestuur deur die diens van sy boodskappers; want Hy het medelyde met sy volk en met sy woning gehad. Maar hulle het die boodskappers van God uitgelag en sy woorde verag en met sy profete gespot, totdat die grimmigheid van die HERE teen sy volk opgekom het, totdat daar geen genesing meer was nie"* (IIKron. 36: 15-16).

## Diens van engele

Aan die begin van die Nuwe Testament word die geboorte van Johannes die Doper deur 'n engel aangekondig (Lukas 1). In dieselfde hoofstuk het die engel Gabriël die geboorte van die HERE Jesus Christus aangekondig. In hoofstuk 2, vers 9 kan ons lees, hoe 'n engel van die HERE die geboorte van Jesus Christus aan die herders aangekondig het: *"En meteens staan daar 'n engel van die HERE by hulle, en die heerlikheid van die HERE het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig. En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees ...".* Die hele hemel het

gedeel in wat God op aarde gedoen het. Vers 13 sê: *"En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leër-skare wat God prys ...".* God het Sy boodskappers in die hemel en Hy het hulle op aarde. *"En 'n engel van die HERE het met Filippus gespreek en gesê: Staan op en gaan na die suide op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa ..."*" (Hand. 8:26).

Petrus het 'n besonderse ervaring gehad: *"En meteens staan daar 'n engel van die HERE by hom, en 'n lig skyn in die gevangenis. Toe slaan hy Petrus op die sy, maak hom wakker en sê vir hom ..."* (Handelinge 12:7) Die diens van die engele is 'n werklikheid. Paulus vertel van 'n soortgelyke ervaring: *"Want daar het in hier-die nag by my gestaan 'n engel van die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien. En hy het gesê: Moenie vrees nie, Paulus ..."* (Hand. 27:23).

Die diens van die engele is 'n goddelike bevestiging van die bonatuurlike werk van die HERE in die lewe van God se diens-knegte wat 'n roeping en 'n sending ontvang het. Die Bybel is nie 'n natuurlike boek nie, maar 'n bonatuurlike boek. Nie net in die Nuwe Testament nie, maar ook in die Ou Testament, is engele deur God gestuur om aan Sy diensknegte 'n boodskap of opdrag te lewer.

Daniel het 'n visioen gehad wat hy nie verstaan het nie. Toe word 'n engel onmiddellik na hom gestuur met die opdrag: *"Gabriël, laat hierdie een die gesig verstaan!"* (Dan. 8:16). *"... Toe sê hy: Kyk, ek maak jou bekend wat aan die einde van die strafgerig sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde"* (Dan. 8:19).

Daar kan baie skrifgedeeltes genoem word wat getuig van die bonatuurlike diens in die lewens van die knegte en profete van God. Die skrywer van die Hebreërs-brief sê die volgende oor die diens van die engele: *"Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?"* (Heb. 1:14). God se werk is onveranderlik. Jesus Christus is gister, vandag en ewig dieselfde.

Die dienste van engele is vandag nog geldig. Ons verneem met diepe dankbaarheid, dat 'n engel van die HERE in 1946 na Broeder Branham gestuur was en vir hom gesê het: **"Moenie vrees nie! Ek is uit die teenwoordigheid van die Almagtige God gestuur om vir jou te sê dat jou ongewone lewe en misverstaande weë, aandui dat God jou met 'n gawe van goddelike genesing na die mense van die wêreld stuur. As jy opreg is en mense jou laat glo, sal niks jou gebed verhinder nie, nie eens kanker nie".** Na hierdie opdrag was hy op 'n unieke wyse as baanbreker gebruik vir die kragtigste genesings-herlewing in die geskiedenis van die Gemeente.

Profete word deur God vooruit bestem: *"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak"* (Jer. 1:5). *"Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik"* (Rom. 11:29).

Broeder Branham het herhaaldelik gepraat van die feit dat hy op 6 April, 1909, omstreeks 5v.m. gebore was. Hy het sy eerste bonatuurlike ervaring gehad toe hy driejaar was en 'n hoorbare stem vir hom gesê het dat hy die grootste deel van sy lewe naby New Albany sou deurbring. Op die ouderdom van sewe het hy dieselfde stem hoor sê: "Moenie drink nie, moenie rook nie en moenie jou liggaam op enige manier bevlek nie, want as jy ouer word, is daar 'n werk wat jy moet doen".

Op 11 Junie, 1933, terwyl Broeder Branham 'n paar honderd mense in die rivier gedoop het na 'n evangelisasie-diens, het iets buitengewoons gebeur. Net toe hy die sewentiende persoon wou doop, het 'n lig deur die lae wolke gebreek en bo hom gebly terwyl 'n kragtige stem gesê het: "Soos Johannes die Doper, die eerste koms van Christus vooruit gestuur is, word jy met 'n boodskap gestuur, voor die Wederkoms van Christus". Baie van die omtrent 4,000 mense wat hierdie doop-diens bygewoon het, het flou geword toe hulle die hemelse verskynsel sien.

Die invloed van sy God-geseënde bediening was wêreldwyd. Johannes 14, vers 12 is vervul: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen ..."*.

Ontelbare mense is bevry van sonde en gered deur geloof in Jesus Christus en tienduisende is genees van elke soort siekte en lyding, selfs kanker. Dit sou te veel wees as ons die vele ervarings in die lewe van die dienskneg van God, wie die HERE in ons tyd gebruik het, sou wou beskryf. Hy het God se teenwoordigheid nie net in die byeenkomste ervaar nie, maar ook in sy daaglikse lewe.

Aan die einde van die vyftigerjare het Broeder Branham in besonders gelei gevoel om die bybelse leringe op die kandelaar te plaas. Sy bediening het die profetiese wêreld betree. Hy het gepraat oor die sewe sendbriewe en die sewe seëls van Openbaring, sowel as al die verborgenhede van die Bybel vanaf Genesis tot Openbaring.

## Die bonatuurlike bevestiging

Tydens die dienste in Houston, Texas, VSA, in Januarie, 1950, is die wonderlike foto geneem met die bonatuurlike lig bo Broeder Branham se kop. 'n Plaaslike predikant was teen goddelike genesing gekant en het Eerw. F. F. Bosworth, wat in die Branham-span was, voor die skare gedebatteer. Die betrokke prediker het gereel dat twee persfotograwe 'n paar foto's sou neem gedurende die bedat.

Voor die einde van die diens, het Broeder Branham vlugtig oor sy bediening gepraat. Hy het nederig gesê: “Ek hoef nie myself te verdedig nie. Die HERE wie my opdrag gegee het en gestuur het, sal vir my getuig”. Terwyl hy met die ongeveer 8,000 mense gepraat het, het een van die fotograwe ‘n foto geneem. Toe die films ontwikkel word, was dit vir die fotograwe verbasend dat al die negatiewe lig gevang het, behalwe die een wat 'n lig oor die kop van Broeder Branham gehad het. Dr. George J. Lacy, ondersoeker van twyfelagtige dokumente vir die FBI, het die negatiewe noukeurig ondersoek en bevestig dat dit eg was. Ons het dus nie net die getuienis van Broeder Branham oor die vuurkolom wat teenwoordig was in sy byeenkomste nie, maar ook die wetenskaplike bewyse daarvoor. God het self deur die vuurkolom van Sy profeet getuig!

## Die Godheid

Die verborgenheid van die Godheid kan nie verstandelik deurgrond word nie, en ook nie in woorde verklaar word nie. God en God se Woord weerspreek mekaar nooit. Ons moet dus ook toelaat dat die volledige getuienis van die Bybel met ons praat t.o.v. die Godheid. Ons vind God se selfgetuienis in soveel skrifgedeeltes dat daar nie verskillende menings nodig is nie. Lees ons in die Ou en Nuwe Testamente oor die Skepper en Bewaarder, Verlosser, Koning ens., kom ons altyd dieselfde God teë.

In die hemel is Hy 'Vader'. Daarom bid ons: *"Onse Vader, wat in die hemele is ...".* Dieselfde God het Homself op aarde in die Seun geopenbaar en is 'Immanuel' genoem, wat *'God met ons'* beteken. Die term "God-Elohim" in die Ou Testament is die "Vader" in die Nuwe Testament. Die "HERE-Yahweh" in die Ou Testament is die 'Seun' in die nuwe. God is van nature Gees (Joh. 4:24). Niemand kon Hom as 'n Gees sien nie (Joh. 1:18).

In die Ou Testament het die onsigbare Gees in sigbare vorm as die "HERE" verskyn. So het Hy in die tuin van Eden gewandel — in hierdie vorm het Hy Homself aan die profete geopenbaar en met hulle gepraat. Elkeen wie die HERE op hierdie manier gesien het, het uitgeroep: *"Ons sal sekerlik sterwe, omdat ons God gesien het"* (Rig. 13:22). Daar word gesê dat Jakob met God geworstel het. Die HERE het Homself geopenbaar aan hom in die vorm van 'n engel. In Hoséa 12: 4-6 word Hy die *"HERE God van die leërskare"* genoem.

Die hemelse Vader openbaar Homself in die Seun in die Nuwe Testament. Filippus wou dit goddelik begryp en vra toe die Verlosser: *"HERE, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?"* (Joh. 14). Jesus sê aan ons vandag nog: *"... niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar"* (Luk. 10:22).

Slegs deur goddelike openbaring kan die verborgenheid van die Godheid aan ons bekend gemaak word. Nóg 'n profeet nóg 'n apostel het God of Sy Woord na eie reg verduidelik, deur God in drie persone te verdeel. Die term "drie-eenheid" of "drie-enige God" is nie in die Bybel nie. Niemand moet Genesis 1, vers 26, *"Laat ons mense maak ...",* misbruik nie — deur verskeie persone binne die Godheid te plaas nie. Predikers en Christene kan die vraag vra: "Wie waag dit om hierdie Skrif volgens hul eie interpretasie as 'n 'Drie-eenheid' aan te haal, as die HERE, Sy profete en apostels dit nie gedoen het nie?". Aan die begin van hierdie daarlegging het ons alreeds gedemonstreer dat Satan, die ou slang, nie die Woord van God glo nie, maar dat hy nog altyd besig was om dit vir die mense uit te lê. Sogenaamde verkondigers en leraars van die bybel, ignoreer die duidelike uitsprake van God in Sy Woord; glo en verkondig Satan se verkeerde interpretasies. Job 38: 4-7 vertel duidelik met wie God aan die begin gepraat het. Wanneer sal God se mense van die verkeerde konsepte ontslae raak en terugkeer na eenvoudige geloof in God? 'n Ware kind van God glo elke geskrewe Woord soos dit geskryf is, sonder om sy eie interpretasies by te voeg.

*"Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet dat die HERE God is; daar is geen ander buiten Hom nie"* (Deut. 4:35)

*"... daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie"* (Deut. 4:39)

*"... sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is — voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie."* (Jes. 43:10).

*"Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie"* (Jes. 44:6)

*"...sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is die HERE, en daar is geen ander nie"* (Jes. 45:6).

*“En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees ...”* (ITim. 3:16).

*“En Thomas antwoord en sê vir Hom: My HERE en my God!”* (Joh. 20:28)

*“... aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees — Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen”* (Rom. 9:5).

Of ons Hom bevind as 'n Vader, Seun of Heilige Gees: Hy is altyd dieselfde God wat ons teëkom in die verskeidenheid van Sy openbarings en optrede.

**Bybelse doop**

Die sendingopdrag lui: *“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ...”* (Matt. 28). Petrus en die ander apostels het baie mooi geluister en verstaan wat die Verlosser gesê het. Daar staan nie in die meervoud: “... doop hulle in die name ...” nie, maar in die enkelvoud: *“in die naam”*. Daar staan ook nie “in die naam van die Heilige Gees” nie, want dan sou ons met reg na die drie name moes soek. Die HERE het gepraat van *“die naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees”*. Dit gaan dus oor een naam. ‘Vader’ is die benaming vir God, ‘Seun’ die naming vir die HERE. Die ‘Heilige Gees’ is die Heilige Gees. Nou wat is dan die naam waarin die dissipels moes doop?

Toe die nuwe-testamentiese Gemeente gestig is, ná die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, het Petrus aan die hele menigte uitgeroep: *“... en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus ...”* (Hand. 2:38). Filippus het ook dieselfde geleer in Samaria: *“...maar hulle was net gedoop in die Naam van die HERE Jesus”* (Hand. 8:16). In die huis van Cornelius het Petrus beveel *“dat hulle gedoop moet word in die Naam van Jesus Christus”* (Hand. 10:48*). Paulus, die groot apostel, wat alle predikers graag wil aanroep, het na Efése gekom. Van die ge-

lowiges daar, word gesê: *"... En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus"* (Hand. 19:5).

Geen verdere bybelgedeeltes hoef opgenoem te word nie. Elke saak moet op die getuienis van twee of drie getuies bevestig word. Ons moet erken dat Jode, Samaritane en heidene *"in die Naam van die HERE Jesus"* gedoop is. Selfs die duiwel kan nie hierdie feit ontken nie. Maar hy sal egter aanhou probeer om aan diegene wat nie die getuienis van die Bybel glo nie, sy interpretasie van Matthéüs 28 te bied. Daar is nie 'n enkele gedeelte in die Bybel wat noem dat 'n persoon in die formule "... in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees", gedoop is nie, of van 'n baba-doop nie. Daar is slegs van die doop van gelowiges deur onderdompeling, in die naam van die HERE Jesus. Manne van God het te alle tye die openbaring van die naam van Jesus gehad. Hulle het geweet dat dit oor die een Naam gaan wat bo alle name was. Die Almagtige God het Homself geopenbaar as Vader, Seun en Heilige Gees in die naam *"HERE Jesus Christus"*.

Die ware kinders van God in hierdie tyd is onder die leiding van die Heilige Gees en het hulle, onder goddelike opdrag, afgewend van alle eie-interpretasies. Hulle het geen 'as' en 'maar' oor God se Woord nie. Hulle glo elke woord soos dit geskrywe is.

Baie mense noem hulself gelowiges vandag. Die enigste vraag is: wat en aan wie glo hulle? — aan die Heilige Gees geopenbaarde Woord van God, of die interpretasies van die ou slang? Ek het die voorreg gehad om die bediening van Broeder Branham deeglik te leer ken vanaf 1955 tot 1965. As 'n ooggetuie van sy byeenkomste in Europa en die VSA, is ek vandag nog diep beïndruk hoedat God sy bybelse verkondiging met tekens en wonderwerke bevestig het.

Liewe broeders en susters, liewe vriende! Met opregte harte het ons deur die genade van God geprobeer om dit oor te dra waarmee ons grootgeword het. Die hoop is dat nog baie ander mense se oë sal oopgaan om te sien wat God nou huidiglik nog doen, sodat hulle soos 'n 'brandende hout uit die vuur' gepluk kan word en tot die kennis van die waarheid gebring kan word.

Almal moet die inhoud van hierdie boekie in gebed lees totdat die Heilige Gees alles opgeklaar en geopenbaar het.

*"Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie ..."* (Heb. 10:37). Mag hierdie daarlegging daartoe dien dat baie mense hul '*vandag*' erken en die Woord glo wat deur God geopenbaar is. Sy geliefde en Heilige Woord, wat pas op die troon geopenbaar is, is hemelse manna vir die gelowiges van ons tyd. *"Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger en dors in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor"* (Amos 8:11).

God het telkens Sy getroue diensknegte gestuur wat die brood van die lewe uitgedeel het. *"Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?"* (Matt. 24:45).

Die HERE Jesus het destyds die brood gebreek en dit aan Sy dissipels gegee, wie dit aan duisende uitgedeel het. Ware diens-knegte van God gee dit verder deur, wat hulle uit die hand van die HERE ontvang het.

Mag daar op hierdie tydstip van die kinders van God gesê kan word dat *"... die hele oorblyfsel van die volk gehoor gegee (het) aan die stem van die HERE hulle God en aan die woorde van Haggai, die profeet, volgens die opdrag waarmee die HERE hulle God hom gestuur het"* (Hag. 1:12).



Dié foto, wat op 24 Januarie, 1950, deur 'n persfotograaf geneem is tydens 'n byeenkoms in Houston, Texas, toon die bonatuurlike lig bokant William Branham se kop. Die Douglas-ateljee in Houston het die film aan Dr. George J. Lacy, destyds bemoei met die ondersoeking van twyfelagtige dokumente. Nadat hy 'n deeglike ondersoek gedoen het, het hy die egtheid as volg bevestig: "Op grond van die ondersoek en studies … is ek heeltemal daarvan oortuig dat die film wat vir ondersoek aan my voorgelê was, glad nie onreëlmatig aangeraak was nie, of 'n saamgestelde of dubbeld-blootgestelde film is nie. Verder is ek van mening dat die ligstrook wat bokant die hoof in 'n ligkolom of "halo"-posisie verskyn, veroorsaak was deur lig wat die film getref het.

Verskeie bybelse onderwerpe word deur dieselfde skrywer behandel, wat in Afrikaans en in meer as 16 ander tale oor die hele wêreld vir baie mense 'n blywende seën geword het.

Ook is daar talryke preke van William Branham, in Afrikaans en ander tale wat in die sendingsdrukkery gedruk word. Ons sal met graagte 'n gids daarvan op versoek aan u stuur.

Behalwe die beskikbaarheid van die onderskeie leesstof, is daar ook dienste wat weekliks oor die internet gestroom word — Sondagoggende om 10h00, Woensdae en Saterdagaande 19h30 (Sentraal Europese Tyd, wat gewoonlik tussen October en April een uur agter RSA/SAT tyd is).

Besoek ons gerus by ons internasionale tuisblad:

http://www.freie-volksmission.de

Leesstof in Afrikaans en ander Afrika-tale beskikbaar by:
http://www.misia.sk

of skryf aan ons direk by ons plaaslike adres:

Br. Cecil Golden
Posbus 76222
Lynnwood Ridge
Pretoria, South Africa. 0040

Kontakte in Suid Afrika: **cecil.golden@gmail.com**, of:

| | | |
|---|---|---|
| **Afrikaans: ……………...** | **+27-73-631-7762** | **(Pretoria)** |
| **English: ………………..** | **+27-76-112-2702** | **(Cape Town)** |
| **Shona: ……………........** | **+27-81-748-4736** | **(Pretoria)** |
| **Sotho/Tsonga/Venda: ....** | **+27-83-748-4736** | **(Johannesburg)** |
| **Xhosa: ……………........** | **+27-61-469-6007** | **(Eastern Cape)** |
| **Zulu: …....………………** | **+27-83-925-3156** | **(KZN)** |


*******